



MPUMALANGA S.A. BOERPERD KLUB – JAARVERSLAG 2014/5

Nog 'n suksesvolle Boerperd jaar is verby en mens moet sê dit bly 'n voorreg om met die perde en die Boerperdmense te werk en te skou.

PLESIERRIT TE LEEUPAN DAM

Die Mpumalanga klub het 'n plesieritt gehou in Desember 2014 te Leeupan. Dit was baie lekker en daar was ongeveer 30 ruiters. Soggens het almal op die plaas gaan uitry en na die rit het almal met die perde in Leeupandam gaan swem. In die middag is die kinders op 'n boot vermaak en natuurlik het almal lekker om die kampvuur gekuier elke aand. Ons beplan die 2015 plesieritt op Badplaas 11-15 Desember.

STREEKSKAMPIOENSKAPPE 2015

Mpumalanga en Natal het hierdie jaar saam die Transnataal Skou aangebied op Standerton 11-14 Mei 2015. Daar was 120 perde op die skou. Die beoordeelaars was Tradisioneel Lomon Tereblanche en Universeel Christopher Hammond. Tydens die skou het die jeugraad die jeug vermaak met prettige aktiwiteite. Die skou was 'n groot sukses, alhoewel dit finansieel nie die moeite werd was nie, a.g.v. hoë reperasiekostes aan die skougrond en duur stalfooie.

Ons beoog om 2016 se streekskou in die Aprilvakansie weer op Ermelo se skougronde te hou.

KURSUS OOR UNIVERSELE RYSTYL EN RUITERKUNS

Christopher Hammond het die kursus aangebied en daar was ongeveer 20 ruiters wat die kursus bygewoon het.

Ons sien uit na 'n opwindende jaar wat voorlê!

Groete

MPUMALANGA KLUB